kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oor die Saaier; Wat het van die Oes geword?

Skriflesing: Matteus 13:1-9 en 19-23

Broodjies vir die pad

"Paul Ricoeur has wonderful counsel for people like us. Go ahead, he says, maintain and practice your hermaneutics of suspicion. It is important to do this. Not only important, it is necessary. There are a lot of lies out there; learn to discern the truth and throw out the junk. **But then reenter the book, the world, with what he calls 'a second naivete'**.' Look at the world with childlike wonder, ready to be startled into surprised delight by the profuse abundance of truth and beauty and goodness that is spilling out of the skies at every moment. Cultivate a hermaneutic of adoration - see how large, how splendid, how magnificent life is.

And then practice this hermaneutic of adoration in the reading of Holy Scripture. Plan on spending the rest of our lives exploring and enjoying the world both vast and intricate that is revealed by this text."
— Eugene H. Peterson, Eat This Book: A Conversation in the Art of Spiritual Reading

"That's how I read the Bible. There are more than sixty references in Scripture to celebration and all but one or two of them are positive. Most of them are divine commands to go and party. Exodus and Deuteronomy and Numbers read like a string of invitations to a nonstop whirlwind of festival: "Celebrate the Feast of Unleavened Bread...Celebrate the Feast of Harvest...Celebrate the Feast of Weeks...Celebrate the Passover...Celebrate the Feast of Tabernacles...Celebrate." These were not quiet, sedate, well-mannered little tea parties. They were raucous, shout-at-the-top-of-your-lungs and dance-in-the-streets, weeklong shindigs. The heart of the prodigal home, shouting to His servants, "Bring the fatted calf and kill it. Let's have a feast and celebrate!" That's our God. You read this stuff enough, you start to get the sense that God is looking for just about any excuse to fire up the barbecue and invite the neighborhood over."
— Mark Buchanan, Your God Is Too Safe: Rediscovering the Wonder of a God You Can't Control

"When religion does not move people to the mystical or non-dual level of consciousness9 it is more a part of the problem than any solution whatsoever. It solidifies angers, creates enemies, and is almost always exclusionary of the most recent definition of "sinner." At this level, it is largely incapable of its supreme task of healing, reconciling, forgiving, and peacemaking. When religion does not give people an inner life or a real prayer life, it is missing its primary vocation. Let me sum up, then, the foundational ways that I believe Jesus and the Twelve Steps of A.A. are saying the same thing but with different vocabulary: We suffer to get well. We surrender to win. We die to live. We give it away to keep it. This counterintuitive wisdom will forever be resisted as true, denied, and avoided, until it is forced upon us by some reality over which we are powerless and if we are honest, we are all powerless in the presence of full Reality."
— Richard Rohr, Breathing Underwater

Is kuns dan meer durend as goeie dade?

Dana Snyman

Laas Sondag ry ons deur die Vrystaat terug Suide toe. Ficksburg. Clocolan. Ladybrand. By Tweespruit draai ek van die N8 af om vir Erna te gaan wys waar het vader Frans Claerhout, die Roomse priester en beminde skilder, vir baie jare gewoon en gewerk.

Ek het hom nooit ontmoet nie, maar 'n paar jaar gelede was ek by die klein sendingstasie wat hy daar help vestig het: 'n kerkie, 'n kleuterskool en 'n koshuis vir die skool daar naby. Sy ateljee was ook daar.

'n Plek van hoop waar jy 'n kers kon aansteek en stil dankie sê vir iemand wat van die wêreld 'n mooier, meer genadige plek wil maak.

Tweespruit is 'n Spar-lose, bank-lose dorpie. Oor die treinspoor, en dan is die bord daar: Vader Claerhout. Om jou lê die Vrystaatse ooptes wintergeel in die son. Net waar die sendingstasie is, is die groen van bome.

Jy sien die kerkie eerste. Vader Claerhout se kerkie. Ons hou voor die hek stil, langs die gebou waarin sy ateljee was. Eers hoop jy jou oë jok vir hou: Die geboue is leeg. Nêrens is 'n mens nie. Die vorige keer toe ek hier was, het hier kinders gespeel en mense rondgestap. In die kombuis het drie of vier vroue potte geroer en snye brood gesmeer. Die reuk van pampoen was in die lug. Die gras gesny. Die stoepe gevee en blinkgevryf.

Ek stap eerste na die vader se ateljee toe. Die deur is afgebreek. Dan is jy binne-in die groot vertrek met die hoë plafon waar jy hom dikwels agter sy esel sou aantref.

In soveel huise hang 'n Claerhout-skildery. Party kunskenners ag sy werk nie baie hoog nie, maar veral sy vroeëre werk is in kunsgalerye te sien. Etienne Leroux, die skrywer, skryf iewers hoe hy die vader hier kom besoek het.

Nou lyk dit of hier soms beeste in vader Claerhout se ateljee kom skuiling soek. Op die vloer lê oral beesmis, soos in 'n kraal. Miskien sou dit meer gepas gewees het as dit donkiemis was.

Die vader was lief om donkies te skilder. Donkies, en sonneblomme, en vroue met babas, en vrugtebome vol bloeisels.

Omtrent al die geld wat hy met sy kuns verdien het, het hy gebruik om hierdie sendingstasie mee aan die gang te hou. Hy het ook vir vele kinders se opvoeding betaal.

Vergeefs, als vergeefs, kom fluister die Prediker in jou oor wanneer jy tussen die vervalle geboue deur stap. Hoekom laat die Roomse Kerk toe dat dit gebeur? Van die korrupte Vrystaatse regering kan ’n mens dit nog verwag.

Hier en daar is vader Claerhout se hand nog te sien: Op ’n muur sprei Jesus sy arms oop. Naby die kerk is ’n beeld van ’n donkie wat hy gemaak het. Die kerk is leeg binne. Van die ruite is gebreek. Die altaar is verwyder en nêrens is ’n blaker en ’n kers om aan te steek nie.

Is daar ’n les hieruit te leer, kan ’n mens nie help om te wonder nie. Beteken dit kuns is meer durend as ons pogings tot goeie dade?

Vader Claerhout is vandag, 4 Julie, presies 14 jaar gelede, oorlede.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/is-kuns-dan-meer-durend-as-goeie-dade-20200703

“I don't have Paul's calling - I'm not out there being all things to all men to win them for Christ - but sometimes I can be a signpost. Sometimes I can sow a seed. And post-hole diggers and seed sowers are mighty important in the building of the Kingdom.”
— Johnny Cash, Cash

“Thou knowest all; I seek in vain
What lands to till or sow with seed -
The land is black with briar and weed,
Nor cares for falling tears or rain.

Thou knowest all; I sit and wait
With blinded eyes and hands that fail,
Till the last lifting of the veil
And the first opening of the gate.

Thou knowest all; I cannot see.
I trust I shall not live in vain,
I know that we shall meet again
In some divine eternity.”
— Oscar Wilde

“Keep on sowing your seed, for you never know which will grow - perhaps it all will.”
— Albert Einstein

“A generous orthodoxy is like that. It acknowledges that we’re all a mess. It sees in our worst failures the possibility of our deepest repentance and God’s opening for our most profound healing. It remembers Jesus’ parable that wherever God sows good seed, “an enemy” will sow weed seeds. It realizes that you can’t pull up the bad without uprooting the good too, and so it refrains from judging. It just rejoices wherever good seed grows.”
— Brian D. McLaren, A Generous Orthodoxy: Why I am a missional, evangelical, post/protestant, liberal/conservative, mystical/poetic, biblical, charismatic/contemplative, fundamentalist/calvinist, ... anabaptist/anglican, metho

---

Brood vir die pad

Genade voel soms soos koue waterfles of hand op die knie

In haar boek Call It Grace: Finding Meaning in a Fractured World (2019) skryf Serene Jones, president van Union-teologiese seminarium in New York, dat sy in haar teologiese nadenke dikwels terugkeer na die stories van die stuk rooi, droë aarde in Oklahoma waar sy grootgeword het.

Soos die vertelling oor haar ouma, toe ’n sesjarige, wat op ’n snikhete somersdag in 1910 op ’n kombers in die skadu onder ’n wa gesit en kyk het hoe haar ouers in die bloedige son die harde grond omploeg. In ’n stadium het sy na ’n metaalwaterfles uitgereik wat onder die wa gehang het.

Dit het so wonderlik koud en verfrissend gevoel dat sy dit styf teen haar vasgedruk het, haar dors vir ’n oomblik vergete.

Jones vertel dat haar ouma elke keer hierdie storie afgesluit het deur te noem dat dit vir haar in daardie oomblik gevoel het of sy God aanraak.

Vir Jones sou hierdie storie ook haar eie teologie stempel: “God is the coolness in the midst of the blazing heat; God is water that you don’t so much drink as embrace.”

Jones beskryf ook ’n somersaand in Julie 1974 by ’n nabygeleë kampterrein toe sy as lewenslustige tiener saamgesing het aan Woody Guthrie se bekende “This Land Is Your Land”.

Net om te ontdek dat die lied ander verse het wat hulle weens segregasie nooit gesing het nie, verse soos, “By the relief office, I’d seen my people / As they stood there hungry, I stood there asking / Is this land made for you and me?”

Hierdie Oklahoma-verhale is vormend en betekenisvol vir Jones se teologiese oortuiging dat genade nie los staan van trauma en geregtigheid nie.

In een van die latere hoofstukke in Call It Grace, met as opskrif “Hatred”, kom Oklahoma weer ter sprake, hierdie keer na aanleiding van die bomontploffing wat op 19 April 1995 ’n regeringsgebou in Oklahoma City geruk het, met 168 mense wat dood en meer as 680 wat beseer is.

Ses weke ná hierdie terreurdaad gee Jones by Yale se teologieskool ’n openbare teologiese lesing waarin sy haar woede oor en drang na vergelding vir die aanslag eerlik verwoord, tot die skok van sommige in die gehoor.

Terug in haar stoel ná haar praatjie sit die vrou langs haar saggies haar hand op haar bewende knie. Jones skryf daaroor: “And her hand felt so cool that she transported me back to my original theological site with the cool jug and the hot sun and my grandma there putting her hand on my knee as we sat together in the shade . . . And I felt graced.” – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/genade-voel-soms-soos-koue-waterfles-of-hand-op-die-knie-20200703

“I am not preoccupied with collecting more goods and services; quite simply, my desire and effort every day is to pay back, to give back to the world a bit of what I have received.”
— Richard Rohr, Falling Upward: A Spirituality for the Two Halves of Li

---

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877